

ONSE LIEWE VROU VAN DIE BERG KARMEL

16 JULIE



© Die Oratorium Uitgewery

Die berg Karmel speel al eeue lank 'n belangrike rol in die godsdienst van die Heilige Land. In die vroegste tye was dit een van die hoë plekke, 'n raakpunt tussen hemel en aarde, tussen God en mens. Hier het die kragmeting tussen die profeet Elia en die heidense priesters plaasgevind, waardeur die God van Israel Hom openbaar het as die enigste ware God. Dit was die woonplek van kluisenaars wat daar hul lewens aan die een ware God gewy het. Die kontemplatiewe Karmelorde ontleen sy naam aan dié heilige berg, met Maria, die groot kontemplatiewe vrou, wat alles in haar hart oorpeins het, as hul beskermheilige.